PERSVERKLARING

Vir onmiddellike vrystelling

Vir verdere inligting, skakel
Neil Jones (Tel no. 083-655-0348)

CHASA LEWER KOMMENTAAR OOR DIE STATUS VAN DIE EINDE VAN DIE VUURWAPENWET OORGANGSPERIODE

Die Konfederasie van Jagtersverenigings van Suid-Afrika (CHASA) het oor die afgelope vier jaar, sedert die inwerkingtreding van die nuwe Vuurwapenwet 60 van 2000, alles in hul vermoe gedoen om te verseker dat hul individuele lede aan die vereistes van die Wet voldoen. Met die oorgangsperiode wat op 30 Junie tot einde kom, is dit egter hartseer dat baie van hul lede die moontlikheid van moontlike arrestasie in gesig staar; veral diegene wat "wettiglik ontslae" geraak het van hul vuurwapens deur dit aan ander individue te verkoop of skenk.

CHASA is baie bekommerd oor die onkunde van duisende individue wat vuurwapens van ander individue oorgeneem het en waar hul nuwe vuurwapenlisensies nog nie uitgereik is nie. Indien die persone nie op die korrekte manier met die vuurwapens handel nie, is daar 'n kans dat hulle vervolging in die oë staar. CHASA glo dat sulke vuurwapeneienaars wel in lyn met die Vuurwapenwet opgetree het deur wettiglik van hul vuurwapens ontslae te raak en beskou dit as onregverdig dat hulle nou moontlik vervolg kan word. Die SAPS539 stoorpermitte wat aan hulle uitgereik is om die vuurwapens wettig te stoor, sal op 1 Julie ongeldig wees, omdat die vuurwapen nie gelisensieer is nie. In 'n poging om hierdie probleem aan te spreek, het die Sentrale Vuurwapenregister aangekondig dat die oorspronklike eienaar van sulke vuurwapens, vir 'n Artikel 21 Tydelike Permit kan aansoek doen met die doel om die vuurwapen in veilige bewaring te hou. CHASA moedig daardie persone aan om hulself te vergewis van die korrekte prosedures om sodoende te verhoed dat hul verkriminaliseer word.

Die Polisie het 'n direktief uitgereik waarvolgens vuurwapens waarvoor lisensie aansoeke onsuksesvol was, outomaties aan die Staat verbeurd verklaar sal word. CHASA beskou dit as onregverdige onteiening van privaat eiendom.

CHASA het ook hul bekommernis uitgespreek oor die duisende vuurwapeneienaars wie aansoek gedoen het vir hernuwing van lisensies, maar waar die nuwe lisensies nog nie uitgereik is nie. In baie gevalle is die aansoeke nog nie eers op die SAPD se stelsel geplaas nie. Baie aansoeke dateer terug na 2005/6. Na 30 Junie, rus die verantwoordelikheid op alle vuurwapeneienaars wie nog nie hul nuwe lisensies ontvang het nie en moontlik deur die SAPD gekonfronteer word, om te kan **bewys** dat hulle wel vir herlisensiering aansoek gedoen het.

CHASA beveel ten sterkste aan dat individue:

Onmiddelik die status van hul vuurwapen lisensie aansoeke nagaan deur hul plaaslike Aangewese Vuurwapenoffisier te nader of die SAPD se 24-uur dienssentrum nommer te skakel, 012-353-6111. Indien die bevoegdheidsertifikaat of lisensies wel uitgereik is, **moet** die persone dit onmiddelik gaan afhaal van hul plaaslike vuurwapenoffisier, aangesien die ou lisensie na 30 Junie verval met die uitreik van die nuwe lisensie.

Indien 'n SAP523 dokument (Erkenning van Ontvangs van Dokumentasie) nie uitgereik is tydens die aansoek vir herlisensiering nie, moet die individu dit van die vuurwapenoffisier versoek – verkieslik met die besonderhede van die betrokke vuurwapens daarop vervat, indien die standard finansiele kwitansie dit nie spesifiseer nie.

Wanneer 'n persoon in 'n padblokkade gestop word en nie bewys van die herlisensiering in terme van Artikel 107 van die Wet kan verskaf nie, kan die SAPD die vuurwapen/s konfiskeer sonder 'n lasbrief en hou tot die eienaar bewys kan lewer.

CHASA se segspersoon vir vuurwapenverwante sake, mnr Neil Jones, se raad aan vuurwapeneienaars wie nog nie hul nuwe lisensies ontvang het nie, is om vanaf 1 Julie 2009 te alle tye die volgende dokumentasie by hulle te dra, wat hulle in ook benodig om ammunisie aan te koop:

- Identiteitsdokument
- Vuurwapenlisensies uitgereik onder die *"Ou Wet"* (groen lisensies)
- 'n Afskrif* van die SAP523 (Erkenning van Ontvangs van Dokumentasie) wat uitgereik moes gewees het deur die vuurwapenoffisier tydens die aansoek; **of** 'n afskrif* van die finansiele kwitansie.
- Die oproepsentrum se nommer (012-353-6111), wat die vuurwapeneienaar in staat sal steel om te kan verifier dat die herlisensieringsaansoek op die stelsel ingevoer is.
- *Daar word aanbeveel dat dit **gesertifiseerde** kopieë is.

Uitgereik deur CHASA
e-mail: chasa@telkomsa.net
Tel: 041-922-5600